Augustus 1007
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenins van ou Pretoria,

Onthou u nog die Zeiler broers oor wie ek twee maande gelede geskryf het. Hier is nog ‘n stukkie inligting oor een van hulle.

Francois Frederik Zeiler was ‘n kranige krieketspeler. Op 5 Oktober 1875 speel die span van Pretoria ‘n wedstryd teen Potchefstroom. Frank word daardie dag aangewys as, wat ons vandag noem die “man of the match”. Ongelukkig word die gebeure nie in die koerant vermeld nie. Daardie selfde week was daar ‘n verslag van die jaarlikse perdewedrenne in die koerant en dus nie plek vir ‘n bespreking van ‘n krieketwedstryd nie.

Die krieketkolf wat daardie dag aan hom oorhandig was is nog in familie besit. Die krieketkolf is vervaardig deur JD Bartlett van London. Verder staan daar ook op die hout “WATERLOO ROAD” “PATENT” en “COMPRESS”. Op ‘n silwerplaatjie verskyn die volgende:

From AW Dodds
to the highest score
PC Strom vs Pretoria
Won by FF Zeiler
5th Oct. 1875

In Desember 1875 word hy gekies as sekretaris van die kriekerklub van Pretoria [Volksstem 18 Desember 1877]. Die inligting kom via Jean du Plessis van dr. Michael Glatthaar van Kaapstad.

-------------------------------------------------------------------

**<u>Die vogende van Engela Bernardo. Is daar miskien iemand wat kan help?</u>**

Ek is op soek na 'n stukkie vroeë geskiedenis inligting en hoop jy sal kan help.

In 1947 was die Britse Koninklike gesin hier in Pretoria op besoek. Daar was 'n toespraak deur iemand van die gesin (miskien die koning) op Kerkplein. Ek is op soek na die presiese datum wat daardie toespraak gehou is.

Byvoorbaat dank
Engela Bernardo
APPLE PLASTIC SA
Tel : 012 541-3360
Fax : 012 541-1793
E-mail : Engela@appletec.co.za

-------------------------------------------------------

**<u>Paul August Moes</u>**

Ou Moes soos hy algemeen genoem was, was ‘n boemelaar en ‘n besondere mens in meer as een opsig. Baie is al oor hom geskryf en baie staaltjies word oor hom vertel.

Hy is in die Wes-Indiese eilande gebore as die erfgenaam van ‘n sigaarfabriek. Deur die toedoen van sy liefde vir drank en mooi meisies het hy gou van ‘n suksesvolle fabriekseienaar in ‘n verwaarloosde jong man verander. Sy familielede het tussenbeide getree en gered wat te redde was, maar die voorwaarde was dat hy Suid-Afrika sy nuwe tuiste sal maak.

So gebeur dit toe dat Ou Moes ‘n hele aantal jaar een van die bekendste gesigte in Pretoria word. Omdat hy Nederlands, Duits, Frans, Engels en ‘n bietjie Spaans kon praat is hy gereeld as tolk ingespan, veral in die hooggeregshof. Verder kon hy ook sierskrif skryf wat soms vir hom ‘n paar pennies in die sak gebring het.

Die val van ou Moes was geleidelik, maar onstuitbaar. Tog het hy skynbaar nooit sy eerlikheid verloor nie, self nie toe hy begin bakhand staan het nie. Wanneer hy ‘n verbyganger gevra het vir ses pennies vir vleis of brood het hy vleis of brood gekoop. As hy drank wou koop, het hy reguit so gesê.



In sy latere jare was die verslete ou man ‘n gereelde gesig in die Ou Marksaal Restaurant wat, heel gepas aan mnr. Schmeck behoor het. Schmek se opdrag was dat van 12 uur die middag geen glase van die kroegtoonbank verwyder moes word, voordat Ou Moes nie ‘n draai gemaak het nie. Nie te lank daarna nie, sou einste hy met sy wandelstok aangestap kom en teen die kroegtoonbank kom

leun. Die kroegman het ‘n leë bierbeker vir Ou Moes aangegee en onopsigtelik die halfvol glase in sy rigting gestoot. So het ‘n superdrankie sy weg na Ou Moes gevind, waarvoor hy ses pennies betaal het voordat hy na die eetsaal is vir ‘n gratis maaltyd. Schmeck is later bankrot verklaar, maar dit was nie Ou Moes se skuld nie.

Dit het teen die einde so sleg met Ou Moes gegaan dat hy skuiling gekry het in ‘n leë klavierkas wat op die werf van ‘n goedgesinde advokaat gestaan het. Sy bed was ‘n ou ou bad wat met stukke oorskiet lap en ou koerante gevul was. Toe iemand eendag vra of die muskiete nie te veel pla nie, was sy vinnige antwoord: “Nee, nooit. Jy sien, in die eerste helfte van die nag is ek te dronk, en in die tweede helfte van die nag is hulle te dronk.”

Toe een van Ou Moes se drinkebroers dood is, het Hendrik Pierneef, die skilder, gemeen Ou Moes moet bewus gemaak word van die erns van die saak.

“Het jy geweet X is dood?” Ou Moes het nee geantwoord.

“Weet jy waaraan is X dood?” Nee, dit weet het Ou Moes ook nie.

“Hy is dood aan Drank.” Was Pierneef se woorde. Ou Moes se kommentaar? “Ga, dat heb’t je nu van amateurs!”

Iemand het in 1946 twee sjielings en ses pennies by die Departement van Binnelandse Sake betaal vir ‘n afskrif van sy Sterftesertifikaat. Ek was gelukkig om dit ‘n tyd gelede by ‘n veiling raak te loop.

<u>Van die inligting op die sertifikaat is as volg</u>:
Voormane en familienaam van oorledene: Paul August Moes
Naam van ouers: ---
Ouderdom: 70 years [die geboortedatum word nie gevra nie]
Geboorteplek: Dutch West Indies
Persoonlike staat: Single
Beroep: No occupation
Datum vam oorlye Third August 1921
Plek war oorlede: Pretoria Mental Hospital.
Gewone woonplek: Pretoria, Transvaal. (in hospital 3 years & 8 months)
Voorgenome begraafplek: New Cemetary Pretoria
Oorsaak van dood: Arterio Sclerosis, Senile decay, exhaustion.

<u>Bronne Geraadpleeg</u>

* Clarke, B. **Old Characters in early Prtoria**. Africana Vereeniging. Jaarboek van die Pretoria Vereeniging No. 22 2005
* Marais, Annamarie **Ou Moes was ‘n besondere Pretorianer.** Beeld [datum onbekend]
* Rousseau, Leon D**ie Groot Verlange Die verhaal van Eugene Marais.** 1974 Human & Rousseau Kaapstad
* Vlok, J.C. **Pretoria had its characters.** Pretoria 1855-1955 Red. Dr. S.P. Engelbreght. Walach’s Pretoria

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel